NUUSBRIEF 17

23 OKTOBER 2025

MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY PRIMÊR

## BELANGRIKE DATUMS

Druk op die skakel vir die belangrike datums

## SKOOLFOOIE

Hiermee die skoolfooie vir 2026:

| Graad | Persentasie verhoging | Jaarbedrag 2026 | Per maand x 11 maande |
|---|---|---|---|
| 1 | 3% | R67 870 | R6 170 |
| 2 | 1% | R70 950 | R6 450 |
| 3 | 1% | R75 460 | R6 860 |
| 4 | 1% | R80 850 | R7 350 |
| 5 | 5% | R84 150 | R7 650 |
| 6 | 5% | R84 150 | R7 650 |
| 7 | 5% | R84 150 | R7 650 |

Indien u die volle bedrag voor 31 Januarie 2026 betaal, sal 'n korting van 5% toegestaan word.

'n Vriendelike herinnering dat indien u kind die skool verlaat, u ons asseblief 'n kwartaal moet kennis gee. Indien nie, verbeur u ongelukkig die deposito.

As 'n vergunning kan leerders wat einde van 2025 die skool gaan verlaat, nog tot Maandag 27 Oktober 2025 kennis gee.

## UIT DIE KANTOOR

Ons heet vir Natasha Keyser welkom

Ons is verheug om mev. Natasha Keyser as die nuutste lid van ons onderrigspan by Midstream College Primêr te verwelkom. Ons is vol vertroue dat sy ons skoolgemeenskap sal verryk en tot ons leerders se sukses sal bydra. Mev. Natasha Keyser het reeds by die Wiskunde-departement aangesluit. Ons is daartoe verbind om 'n gladde oorgang vir beide leerders en ouers te verseker en waardeer oop kommunikasie. Voel asseblief vry om mev. Natasha Keyser via e-pos by natashak@midstreamcollege.co.za te kontak.

Ons wens mev. Vasinthee Naidoo geluk met haar aanstelling as ons nuwe Departementshoof vir Wiskunde. Ons is opgewonde om hierdie nuwe era saam met haar as leier in hierdie departement te betree. Indien u enige Wiskunde-navrae het, stuur asseblief vir haar 'n e-pos na vasintheen@midstreamcollege.co.za.

## AFTREDE - MEV. ELSOPHI VAN DER MERWE

Dit is met gemengde gevoelens dat ons die aftrede van mev. Elsophi van der Merwe aankondig. Sy sal ons aan die einde van die eksamensessie vanjaar verlaat. Wees gerus in die wete dat sy steeds by ons leerders sal wees vir alle hersiening t.o.v. die eksamen, en ons moedig leerders aan om voordeel te trek uit hierdie tyd saam met haar. 'n Formele afskeidsboodskap sal later gestuur word.

# DRINGENDE OPDATERING VAN OUER- EN LEERDERINLIGTING

Om te verseker dat ons die mees onlangste inligting vir u kind se veiligheid het, en vir die beplanning van komende gebeurtenisse, insluitend die graad 4- tot 7-kampe, versoek ons alle ouers om hul besonderhede vinnig in die Ed-Admin App te hersien en op te dateer.

Hierdie belangrike inligting help ons om u in 'n noodgeval te bereik en voorsien personeel van kritieke mediese notas vir alle leerders.
Volg asseblief hierdie twee eenvoudige stappe om die opdatering te voltooi:

Deel 1: Opdatering van Gesondheidsrekord
Dit verseker dat ons huidige mediese notas, allergieë, en noodkontakbesonderhede vir u kind het, wat veral krities is vir kampbywoning.

1. Meld aan op die Ed-Admin App.
2. Navigeer na die Parent Portal.
3. Klik op u kind se foto.
4. Kies Health Record en voltooi alle nodige opdaterings.

Deel 2: Opdatering van Persoonlike en Kontakbesonderhede
Dit verseker dat u primêre kontak, posadres, en noodkontakbesonderhede op datum is.

1. Bly binne die Parent Portal.
2. Op die hoofskerm, klik op My Profile.
3. Gaan asseblief die besonderhede in hierdie afdelings na en werk dit by:
    - Contact Information
    - Mail Address
    - Emergency Information
    - Other Information

U samewerking word hoog op prys gestel! Voltooi asseblief hierdie opdaterings so gou moontlik.

# BAIE DANKIE!

Ons bedank ons ouers en leerders vir hulle samewerking met die uitteken, bel vanaf die skoolfoon en ook aflewerings. Dit het baie verbeter en minder onderbrekings tydens klastye vir aflewering van vergete goedere vind plaas.

# NASKOOLFOOIE

Die naskoolfooie ten opsigte van 2026 is R2 350.00 per maand per leerder. Die naskoolgelde sal op u skoolrekening geplaas word en is vir elf maande betaalbaar.  Indien u die volle bedrag voor einde Januarie 2026 betaal, sal ʼn korting van 5% toegestaan word.

ʼn Ad hoc-fooi van R240.00 per dag is betaalbaar.

ʼn Kwartaal skriftelike kennis is nodig indien u die kontrak wil kanselleer.

# NASKOOL INSKRYF VIR 2026

Ouers wat gebruik wil maak van die naskool in 2026 moet asseblief nuwe inskrywingsvorms (kontrakte) teen 22 November voltooi, sodat getalle en klasse gefinaliseer kan word. Die huidige kontrak verval 3 Desember 2025.

Die onderwysers by ons naskool sien uit daarna om u kind in 2026 te verwelkom. Enige navrae kan aan Louise Grobbelaar gerig word: louiseg@midstreamcollege.co.za

# TOERINLIGTING (GRAAD 4 – 7)

Neem kennis dat die toerinligting onder “documents” op die Ed-Admin Multi portal toepassing gelaai is.

# EKSAMENAFBAKENING GRAAD 4 – 7

Neem kennis dat die eksamenafbakening reeds uitgestuur is. Dit is op die Ed-Admin Multi portal toepassing asook die webwerf beskikbaar.

# EKSAMEN- EN SKOOLTYE VIR DIE RES VAN DIE JAAR (GRAAD 1 – 7)

Die **graad 6- en 7-leerder**s sal op **6 November** om **12:00** uitkom.

**Graad 1- tot 3**-leerders sal vanaf **7 November tot 2 Desember** om **12:00** uitkom.
Die skool sal op **7 November** om **12:00** vir die graad **4- en 5-leerders** sluit, die graad 6- en 7-leerders sal toegelaat word om na hulle eksamensessie te vertrek.
**Tydens die eksamen sal graad 4- tot 7-leerders toegelaat word om 10:00**, na die eksamensessie, huis toe te gaan. Daar sal wel 'n studiesessie tot 12:00 beskikbaar wees vir leerders wat nie huis toe kan gaan nie.

Nadat die eksamen geëindig het, sal die skool **vanaf 24 November vir alle grade om 12:00 sluit.** (Eksamenterugvoer sal op 24 en 25 November vir graad 4- tot 7-leerders gegee word.)

Die s**kool sluit** die laaste dag van die kwartaal, **3 Desember, om 10:00** vir al die grade.

Ons weet dat sommige leerders gewone skoolure hier moet bly a.g.v. die ouers se werksomstandig-hede. Ons akkommodeer hulle graag in die wagklas tot 13:45.

**Voltooi asseblief die Google-vorm voor Maandag 3 November** indien u kind van die studiesessie en/of wagklas gebruik sal maak.

Neem kennis dat daar **geen eksamenvraestelle vir graad 4- tot 7-leerders op 21 November** geskryf word nie. Indien u kind/ers dié dag skool sal bywoon, en van die wagklas vir die dag gebruik wil maak, voltooi asseblief die Google-vorm.

# TENNIS: OEFENTYE EN DATUMS VIR KWARTAAL 4

Graad 1: Gewone oefening op Maandae en Vrydae van 13:30 tot 14:00, gaan voort tot MAANDAG 3 NOVEMBER.

Graad 2 – 5: Gewone oefening op Maandae van 14:00 tot 15:00, en spanoefening op Vrydae van 14:00 tot 15:00, gaan voort tot MAANDAG 3 NOVEMBER.

Graad 6 – 7: Gewone oefening op Maandae van 15:00 tot 16:00, en spanoefening van 15:00 tot 16:00 (slegs meisies – seuns sal met proewe besig wees), gaan voort tot MAANDAG 3 NOVEMBER.

Belangrik:
GEEN Woensdagoefening weens tennisproewe.
GEEN oefening vir enige graad of span na 3 November nie.
Proewe sal egter voortgaan tot dit afgehandel is.

# BOETIE EN SUSSIE FOTO'S



# DIE UNIFORMWINKEL
# DESEMBER EN JANUARIE WINKELURE

**DESEMBER 2025 | JANUARIE 2026 WINKELURE**

| | |
|---|---|
| 3 Desember | 07:00 – 16:00 |
| 4 – 12 Desember | 08:00 – 16:00 |
| Saterdag 13 Desember | 09:00 – 13:00 |
| *Maandag 15 Desember* | *08:00 – 15:00* |
| *Maak asseblief 'n afspraak vir Saterdag en Maandag* | |
| 16 Desember – 4 Januarie | Closed |
| 5 – 9 Januarie | 08:00 – 16:00 |
| Saterdag 10 Januarie<br>*Maak asseblief 'n afspraak vir Saterdag* | 09:00 – 13:00 |
| 12 – 13 Januarie | 08:00 – 17:00 |
| 14 Januarie | 07:00 – 17:00 |
| Vir dringende versoeke, WhatsApp of Skakel 064 937 0551 | |

## BOEKBESTELLINGS VIR 2026 IS NOU OOP




## TUCK IN

Vir u gerief moet aanlynbestellings voor middernag van die vorige dag wat die bestelling benodig word, geplaas word. Ons berei die bestelling die volgende oggend voor en lewer teen 09:00 die bestellings by die graad 1- tot 3-leerders se klaskamers af. Die graad 4- tot 7-leerders kom haal vanaf 10:00 hulle bestellings self by Tuck In.

